SENDINGSKOMMISSIE PRETORIA MARANATA

SENDINGSNUUS 2006

Volume 1
Maart 2006

WAT IS NUUT IN DIE SK?

Sending in Soshanguve

Sedert 2005 het die Sendingskommissie van Pretoria Maranata begin met 'n proses wat die strategiese doelwitte vir sendingswerk vir die volgende 5 jaar uitklaar. Die proses is verdeel in 3 fases, waartydens verskillende rolspelers bymekaar gekom het om:

- eerstens die belangrikste sterkpunte, swakpunte, geleenthede en bedreigings te identifiseer; en
- tweedens, die breë doelwitte neer te skryf en groepeer

Die doel was om 'n aantal stellings te maak wat min of meer die rigting vir toekomstige sendingsaksie sou bepaal. Daar is na die tweede sessie besluit op 7 stellings wat insluit vraagtsukke oor uitbreiding, addisionele mannekrag en die finansiële verantwoordelikhede van gemeentes.

Die rolspelers in die proses het ingesluit die lede van die sendingskommissie, die afgevaardiges van die Pretoria Maranata Kerkraad, afgevaardiges van die Sendingsdeputate asook van die Mamelodi en Soshanguve Noord gemeentes. Tydens die laaste sessie was die visitatore vanuit Nederland en Suid-Afrika ook teenwoordig. Laastens was die sendelinge en studente baie aktief betrokke in veral die identifisering van geleenthede en bedreigings vir hulle werk.

Die 7 stellings sal nou verwerk word tot 'n strategiese plan wat aan die Pretoria Maranata Kerkraad voorgelê sal word vir finale goedkeuring. Die plan sal dan aan die Sendingsdeputate ook gestuur word en die meerjarige begroting aangepas word om die operasionele plan te reflekteer.

Benewens hierdie strategiese denke is die SK, met die hulp van Br Hilko Lubbinge op 'n dag-tot-dag basis betrokke by die sendingswerk in Soshanguve.

Meer hieroor op bladsy 3...

Vir meer inligting besoek die SK webwerf by http://www.vgk.org.za/maranata/sending

In hierdie uitgawe

Wat is nuut in die SK?	1
George Mnisi	2
Thabo Matlaela	2
John Mahlangu	2
Visitasie 2005	3
Soshanguve Sendingspan	3
Wil u betrokke raak?	4

Het u geweet?

- Die gemeente van Soshanguve Suid bestaan uit 130 belydende en gedoopte lidmate
- Die gemeente van Suidoos het meer as 60 persone wat hulle oggenddienste bywoon. 'n Kort oordenking volg vir die pasiënte in die aangrensende hospice
- Soshanguve Sentraal is besig met 'n preekserie oor sendingswerk vanuit die boek Handelinge

THABO MATLAELA

Thabo is gebore op 2 November 1969. Hy is tans besig met sy 4e jaar as teologie student by die Mukhanyo Theological College (MTC). Hy is getroud met Monica en die trotse pa van 2 seuns, Keorapetse (7 jaar our) en Letlhogonolo (2 jaar oud) asook 'n dogter, Koketso (16 jaar oud).

Thabo kombineer sy studies met die werksaamhede wat hy verrig in Soshanguve Suid-Oos (XX). Hy is nie alleen 'n hulp vir Ds Boon in daardie gebied nie, maar is ook deel van die Khothatsong Association waar hy, tesame met Ds Boon, verantwoordelik is vir die reël en begeleiding van Vigs 'Awareness' Programme. In Januarie 2006 het hulle alreeds hulle eerste werkswinkel of 'awareness' dag gehad, waartydens hulle veral gefokus het op die leiers binne die sendingsgemeentes en wat hulle as leiers kan doen om na die geestelike behoeftes van HIV positief of Vigslyers om te sien. Die dag is beskryf as 'n groot sukses en almal is weer op die hart gedruk dat God se Kerk nie immuun is teen siekte en gevare nie, maar dat ons juis moet dien as voorbeeld van God se Koningryk, hier op aarde.

Thabo sien uit daarna om klaar te studeer en binne sy eie gemeente werksaam te wees.



Thabo Matlaela

GEORGE MNISI

George sal tydens 2006 sy B Th graad ontvang , waarna hy in die tweede semester sy studies sal voortsit met die MTC+ Program. George is ook as student ingeskryf by die Universiteit van Pretoria waar hy verder in Hebreeus en Grieks studeer. Hy sal ook in Mei/Junie vanjaar 'n Intercultural Reformed Theological Training (IRTT) kursus met die titel: "The Ecumenical Economy of the Church" bywoon. Hierdie kursus word deels geborg deur die IRTT en deels deur die Sendingsdeputate Suid-Afrika.

George is getroud met Portia en saam is hulle baie aktief betrokke by die sendingsgemeente Soshanguve Sentraal. Ds Boon is baie nou betrokke in die begeleiding van George en stel dat hy baie beïndruk is met die verantwoordelikheidsin wat George openbaar teenoor die gemeente. Sy deelname in 'n Teologiese Konferensie tydens Desember 2005 het ook verder sy roeping om as Kneg van God te dien, bevestig

George Mnisi

JOHN MAHLANGU



John Mahlangu

John se gebede is verhoor toe hy in 2006 toegelaat is om in te skryf by MTC vir 'n sertifikaat in Teologie. Hy is gebore op 7 Mei 1967 en is getroud met Daisy. Hy is as lid van die Soshanguve Suid gemeente geïdentifiseer as 'n man met besondere gawes vir evangelisasie en pastorale sorg. Tydens 2005 het John op verskillende maniere gepoog om sy gebruik van die Engelse taal te verbeter, aangesien dit die grootste struikelblok was tot MTC toelating. John was ingeskryf by Damelin College vir 'n Diploma in Besigheidskommunikasie, en het ekstra Engelse klasse gekry by Suster Christine Hordijk en Ds Boon.

John is aktief betrokke in sy gemeente deur middel van huisbesoeke en begeleide prediking.

VISITASIE 2005

Tydens November 2005 het 'n span van Nederlandse sowel as Suid-Afrikaanse verteenwoordigers die sendingsvelde in Suid-Afrika besoek vir die 3-jaarlikse sendingsvisitasie. Die visitasie is gereël deur die Sendingsdeputate Suid-Afrika namens die VGK Johannesburg.

Die visitasiespan het veral gefokus op die werkslas van sendelinge en studente binne die sendingsgemeentes. Die wye verskeidenheid van take wat ook aan die sendingswerkers opgedra word, is ondersoek en moontlike areas van samewerking tussen die verskillende sendingsgemeentes in Suid-Afrika geïdentifiseer. Daar is dus ook met 'n aantal

Soshanguve Suidoos na die erediens

aanbevelings gekom wat die taak van die sendelinge, SK, Pretoria-Maranata Kerkraad en studente mag raak. Die aanbevelings vir die Kerkraad omvat aspekte oor kerkeenheid binne die kerkverband en dan spesifiek op klassisvlak. Die SK word aanbeveel om die nodige ondersteuning te bied sodat die sendelinge hulle kan bepaal by die take waarvoor hulle oorspronklik beroep is. Dus sal die SK en Kerkraad nou moet saamwerk om ondersteuning te bied op veral sosiale gebied. Die SK, tesame met die Soshanguve Werkerspan moet ook aan maniere dink om die sendingsgemeentes hulle finansiële verantwoordelikheid te laat besef. Laastens moet die SK, in oorleg met die sendelinge, sendingsprioriteite stel wat die sendelinge se eie prioriteite ook sal reflekteer. Die visitasiespan het hulle dank uitgespreek vir die entoesiasme en geloofsoortuiging waarmee die sending binne Soshanguve geskied—en in volle besef dat alles slegs deur die genade van God geskied.

SOSHANGUVE SENDINGSPAN

Die Soshanguve Sendingspan (SSP) is gestig om beide die sendingswerk te bevorder asook die praktiese opleiding van studente te fasiliteer. Die SSP bestaan dus om die algemene probleme binne die sendingsgemeentes te bespreek, mekaar te ondersteun en daardeur die verhouding tussen sendeling en student te versterk. Sedert die ontstaan van die SSP het die studente geleidelik die leiding van die vergaderings oorgeneem. Daar word van hulle verwag om volgens 'n uitgewerkte agenda die vergadering te lei, asook om die nodige notules van die vergadering by te hou. Die aard van hierdie maandelikse vergaderings sluit in dat verslag gegee word van:

- Huisbesoeke gebring
- Klasse (soos katkesasie en sondagskool) gegee
- Studies sodat die balans tussen studies en werk in die gemeente gehandhaaf kan word
- Preekbeplanning en evaluering
- Leiding gegee binne die gemeentes en
- Algemene samewerking met sendelinge en onder mekaar.

Die werk van die SSP is geseënde werk, want beide die sendelinge en studente kan getuig van die goeie en vertrouensvolle verhouding wat daar binne die span heers. Verder is die gemeentes van Soshanguve Noord en Mamelodi ook betrokke by die span deurdat beide Di Magagula en Mogale deel is van die werksaamhede. Tydens die visitasie is ook opgemerk dat die samewerkingsmodel van groot waarde kan wees binne enige sendingsgemeente—weereens 'n gawe waarvoor God elke dag gedank moet word.

Die gemeente van Soshanguve Suid

SENDINGSKOMMISSIE PRETORIA MARANATA

Sou u graag betrokke wil raak?

Die SK, tesame met die Kerkraad van Pretoria-Maranata het 'n projek geloods om vrywillligers te identifiseer wat graag meer betrokke wil raak by die sendingswerk in beide Soshanguve en Mamelodi. Dit is die doel van die SK om a databasis saam te stel wat sal bestaan uit persone gekwalifiseer en bereidwillig om uit te help met spesifieke vraagstukke of in areas waar vaardigheidstekorte ondervind word. Die sending vra hulp in die volgende areas:

- Boekhoudingsvaardighede en basiese finansiële bestuur
- Administratiewe vaardighede (Deelname in Khothatsong Association and spesifieke sekretariële funksies soos notules byhou)
- Begeleiding van studente in voorbereiding van CVs en onderhoude. Begeleiding in gebruik van verskillende studiemetodes.
- Bou van nuwe kerke in Soshanguve asook persone wat as bouopsigters kan funksioneer
- Landskapsargitektuur vir die Soshanguve Sentraal se kerkgronde—projek spesifiek gemik op jeug vir die komende skoolvakansie

Voltooi die volgende en stuur of deponeer in die posvakke van:

Gerda van Dijk (Pretoria-Maranata)

Hilko Lubbinge (Pretoria)

Naam en Van : _____

Area van vaardigheid:

	Begroting opstel		Finansiele bestuur		Administratiewe funksies
	Begeleiding van studente (Studiemetodes of voorbereiding vir arbeidsmark)		Bouvaardighede en opsigter		Landskapsargitektuur

Adres: _____

Tel: _____ Fax: _____

E-mail: _____

Enige persoon binne die wye kerkverband kan hulle inligting deurgee aan Gerda van Dijk by 083 742 6194 of gerda.vandijk@up.ac.za